Christus laat ons weer die wysheid van die wet hoor en nastrewe

Ds. PJ Kriel 10.11.2024

Inhoud Jesus Christus maak my vir God se liefde volkome heilig deur sy heiligheid as mens my heiligheid vir God te laat wees. In hierdie geloof leef ons met die wete dat my liefde vir God laat Hy vir hom volkome liefde wees. So is ek bevry om my liefde vir God volkome te probeer maak. Jesus laat my liefde vir God met al my oortredings, gebreke en foute vir God reg wees. So is ek bevry om deur my liefde myself vir God reg te probeer maak. So verlos die Here ons van Griekse slimmigheid en Joodse krag! (1 Kor. 1:22) Dit is die heidense slimmigheid waar mense hulle eie idees oor God en die wêreld as die regte en volmaakte idees glo en so God die stil afwesige god vir hulle godloosheid maak. Dit is die wêreld se spiritualiteite waarin hulle glo hulle waardes en beginsels is die krag waarmee hulle die wêreld sal transformeer en regeer. Hierdie slimmigheid en morele krag is die afgodsdiens waarin mense in die dwaasheid leef om nooit die wysheid van die ware liefde van God se wet hoor of na te streef nie. Dit is die dwaasheid om nie in Jesus Christus as die krag en wysheid van God te glo nie – God laat ons vir sy liefde heilig en reg wees. (1 Kor. 1: 24, 25)

Skriflesing Jesaja 29: 9 – 16, 22 – 24; 1 Korintiërs 1: 17 – 30.

Teks 1 Kor. 1: 30 “Deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons die wysheid geword het wat van God kom, regverdiging sowel as heiliging en bevryding.”

Tema Christus laat ons weer die wysheid van die wet hoor en nastrewe.

1. Christus verlos ons van dwaasheid sodat ons weer die wysheid van God se wet kan hoor en nastrewe.

Ons verlossing deur Jesus Christus is al so vervlak dat dit baie keer nog net gepreek en geleer word as die afskryf van sondeskuld. Dan word dit gewoonlik so gedoen! As jy deemoedig jouself oor jou sondeskuld voor God verneder en mooi vra, mooi pleit en jy wys jy is jammer en ernstig om alles weer reg te doen, dan sal God jou skuld afskryf.

Dit is glad nie verlossing of bevryding om iemand se skuld af te skryf nie. Kom ons kyk na Afrika as voorbeeld. Hulle leef hulle met dwaasheid so in die skuld in dat hulle alles wat hulle is en het waardeloos maak en onbetaalbare skuld ophoop. Die verlossing wat hulle verwag en die meeste van die tyd eis, is dat hulle skuld afgeskryf moet word.

Wat gebeur as hulle skuld af geskryf word? Hulle leef hulle self net weer in die skuld in met dieselfde dwaasheid as die vorige keer. En dan moet hulle skuld net weer afgeskryf word. So leef hulle in die siklus van skuld maak en skuld afskryf.

Waarvan moet hulle verlos word? Waarvan moet ons verlos word? Van dwaasheid! Verlossing is om van dwaasheid tot wysheid verlos te word.

Dit is hoe Jesus Christus ons verlos – deur ons wysheid as gawe te gee. Die wysheid dat ons regverdig is, reg vir God se liefde. Die wysheid dat ons heilig is, volkome vir God se liefde is. So maak Jesus Christus ons mense wat weer die

wysheid van God se wet hoor en nastreef. As geregverdigdes hoor ons die goedheid van God se wil en as geheiligdes hoor en sien ons die volmaaktheid van sy wil.

2. Wat is dwaasheid?

Paulus haal Jesaja 29 vers 14 se beskrywing van dwaasheid aan in 1 Kor. 1: 19 om te wys dat die slimmigheid van die Grieke en die morele kragdadigheid van die Jode is afgodsdiens. (1 Kor. 1: 22) Paulus noem nie sommer net twee godsdienstige groepe mense as voorbeelde van dwaasheid nie. Met Grieke bedoel hy al die afgodsdiens soos dit met beelde in die wêreld bedryf word en met Jode bedoel hy al die afgodsdiens soos dit as ‘n lewe van eie sterk waardes en beginsels geleef word. Afgodsdiens is godsdienstige goddeloosheid. Goddeloosheid in die naam van godsdiens (Grieke) en godlose waardes en beginsels in die naam van God. (Die Jode).

Dit is hoe die profeet Jesaja die afgodsdiens van die Israeliete se dwaasheid in Jesaja 29 onthul. Te slim vir God en te sterk vir God, dit is, goddeloos in God en naam en eie godlose waardes en beginsels in God se naam.

Te sterk vir God! Jesaja wys dat die sterk morele waardes en beginsels van die Israeliete is bloot aangeleerde menslike gebooie wat net lippediens aan God se wet is. Hulle sterk morele waardes en beginsels is hoe hulle die bedoeling van God se gebod, oortree. Die Here Jesus het self hierdie beskrywing van afgodsdiens so aangehaal en toegepas in Mat. 15: “Hoekom oortree ook julle die gebod van God met julle tradisie?” (Mat. 15: 4 - 9) Dit is hoe mense godlose waardes opmaak soos “as jy dronk is moet jy nie bestuur nie” en met hierdie vaste beginsel die gebod van God oortree om jou nie aan drank te buite gaan nie. Of met reëls soos “mens moet altyd vriendelik glimlag soos Jesus” mense mee te minag.

Te slim vir God! Jesaja wys dat met die afgodsdiens van die Israeliete verdraai hulle die bedoeling van godsdiens – en maak asof die Maker die maaksel en die maaksel die maker is. (Jes. 29: 16) So ontken hulle dat God hulle skepper is en skep hulle vir hulle die godsdienstige waan dat God hulle nie verstaan nie. (Jes. 29:16) Met hierdie verwronge beeld van God skep hulle ‘n spirituele belewenis van God waarin hulle goddelike is en God net nog ‘n menslike beeld is. Hierdie ontgoddeliking van God deur spirituele ervarings met God, is hulle slimmigheid om hulle afgodsdiens as godsdiens voor te leef: “Hulle dade vind in die donker plaas, en hulle sê: “wie sien ons en ken ons?” (Jes. 29: 15) So is hulle altyd met geestelike ervarings van God besig waarin hulle hart ver weg van God is. (29:13)

3. Paulus beskryf hierdie dwaasheid van afgodsdiens soos beskryf in Jes. 29 in Rom. 1: 18 – 30. Te slim vir God! Ons vereer Hom deur Hom te verneder as ons maaksel en Hy is te dom om te weet wat ons met Hom doen! Te sterk vir God! Ons waardes en beginsels is kragtiger en meer prakties as sy onpraktiese wet – ons bestuur nie as ons dronk is nie!

Hierdie spirituele slimmigheid en kragdadige oortuigings is presies net hoe kleintjies hul wil op ouers afdwing. Wanneer ‘n ouer vir ‘n kleintjie sê wat om te doen, dan herhaal hulle die ouer se opdrag op so wyse dat die opdrag verdraai word om presies net te beteken wat die kind wil en nie wat di ouer wil nie. En hulle dink hulle

is so slim dat jy nie weet hulle ontduik jou opdrag met hulle slimmigheid en kragdadige optrede nie. Slimmigheid en kragdadigheid – my idee en beginsels is reg! My idee en beginsels is volmaak!

Waarvan moet sondaars verlos word?

Om sondaars se sondeskuld af te skryf sal hulle dwase slimmigheid en dwase kragdadigheid net bekragtig en bemagtig:

1. Ons werklike bedoelings met God is vir God en mense weggesteek (Jes. 29: 15)
2. God sien nie wie ons is en wat ons met hom doen nie. Ons hou God en mense blind! (Jes. 29: 9)
3. God verstaan ons nie. (Jes. 29: 16) So is sondaars in hul dwaasheid altyd besig om hul sondes as hul liefdes te ervaar en uit te leef terwyl hulle god se wet oor hoe liefde, liefde is minag. (29: 13)

Hulle moet van hul slimmigheid en kragdadigheid met God, verlos word. En daarvoor is ‘n wonderwerk nodig soos Jesaja 29 dit aankondig: “ Ek sal voortgaan om op ‘n wonderlike, wonderbaarlike manier met hierdie volk te handel. Die wysheid van hulle wyses sal tot niet gaan, en die insig van hulle verstandiges sal verborge bly.” (Jes. 29: 14) God sal met sy wysheid hulle slimmigheid openlik as dwaasheid bekend maak en hulle diep spirituele insigte oor God, sal net vir mense spirituele raaisels bly.

God se wonderwerk is dat Hy Homself as God heilig op so  wyse dat sondaars Hom weer kan heilig. Deur sondaars te heilig, maak God dat sy wet weer in hul harte en nie net meer op hul lippe is nie en maak God dat hulle nie teen sy wil murmureer nie, maar dit as wysheid hoe om God en mense lief te hê, aanvaar. (Jes. 29: 23, 24)

En hierdie wonderwerk van God in ons midde is Jesus Christus. Jesus Christus is God se wonderdade vir en met ons. Jesus Christus is God se wysheid wat mense se dwase geestelikheid vernietig. Jesus Christus is God se wysheid en God se krag. Hy heilig ons vir God se liefde en Hy regverdig ons vir God se liefde. So maak Jesus Christus my reg om God volgens sy wet lief te mag hê en maak Jesus Christus my heilig om God met my hele hart, siel, verstand en krag volgens sy wet te mag liefhê.

4. Jesus Christus maak my vir God se liefde volkome heilig deur sy heiligheid as mens my heiligheid vir God te laat wees. In hierdie geloof leef ons met die wete dat my liefde vir God laat Hy vir hom volkome liefde wees. So is ek bevry om my liefde vir God volkome te probeer maak. Jesus laat my liefde vir God met al my oortredings, gebreke en foute vir God reg wees. So is ek bevry om deur my liefde myself vir God reg te probeer maak.

Wanneer ons so in die geloof, heilig en reg vir God se liefde, na God se wet luister – hoor ons die wysheid van God se wet. In sy wet wys Hy ons die wysheid van gehoorsaamheid aan God en die dwaasheid van ongehoorsaamheid van God – en kan ek my as sy regverdige en heilige kind my toelê om die wysheid van sy wil na te strewe.

Christus laat ons weer die wysheid van die wet hoor en nastrewe

So verlos die Here ons van Griekse slimmigheid en Joodse krag! (1 Kor. 1:22) Dit is die heidense slimmigheid waar mense hulle eie idees oor God en die wêreld as die regte en volmaakte idees glo en so God die stil afwesige god vir hulle godloosheid maak. Dit is die wêreld se spiritualiteite waarin hulle glo hulle waardes en beginsels is die krag waarmee hulle die wêreld sal transformeer en regeer. Hierdie slimmigheid en morele krag is die afgodsdiens waarin mense in die dwaasheid leef om nooit die wysheid van die ware liefde van God se wet hoor of na te streef nie. Dit is die dwaasheid om nie in Jesus Christus as die krag en wysheid van God te glo nie – God laat ons vir sy liefde heilig en reg wees. (1 Kor. 1: 24, 25)

Waaraan kan ons hierdie sogenaamde slim en kragdadige dwaasheid van die godsdiens van hierdie wêreld sien en herken elke dag? Ons kan die duidelik sien in die boetedoening wat hulle almal preek en leer – as jy mooi jammer is en beloof om mooi te wees – sal God jou skuld afskryf! En dan kan jy weer slim en sterk gaan leef totdat jy weer in die skuld is en dan sal God weer jou skuld afskryf! Al verskil tussen heidene se god wat skuld afskryf en die Joodse god wat skuld afskryf – is slimmigheid en krag. Die heidene glo hulle is so slim dat God ‘n dwase god is. (1 Kor.1: 25) Daarom is God se openbaring in sy Woord vir hulle onverstaanbaar en onleesbaar – want God verstaan nie regtig regte mense en hul behoeftes nie. (Jes. 29: 11, 12, 16) Jode glo hulle is morele so sterk dat God ‘n kragtelose god is wie gehelp moet word om sy koninkryk op aarde te vestig en in stand te hou met hulle sterk bekerings en goeie lewens. En in hul slimmigheid e krag glo almal – God is ‘n genadige god wat ons skuld afskryf. Nooit – God heilig en regverdig ons vir sy liefde in Christus nie.

5. Ons as gelowiges leef in die wonder van God – die wysheid van Jesus Christus. (Jes. 29: 23, 24; 1 Kor.1: 30) Die wysheid van God waardeur Hy sondaars vir sy liefde as God heilig en regverdig maak, deur Jesus Christus vir hulle onheiligheid en onregverdigheid te straf en Sy heiligheid en regverdigheid as mens sondaars se eie maak. (2 Kor.5: 21)

Ons as gelowiges leef in die wonder van God dat God vir ons sy wet weer die wysheid laat wees hoe om God en ons naaste lief te hê. Ons hoor in sy liefde die wysheid van sy wet en in sy liefde strewe ons weer om volgens die wysheid van sy wet te leef.

So is ons deur Christus tot diensbare liefde verbind en verander ons altyd ons eie idees om diensbaar in die liefde volgens sy wet te bly. Hy verbind ons tot diensbare liefde waarin ons altyd weer ons eie morele waardes en geestelike beginsels verander volgens die eise van sy wet.

Hierdie is die hartsverandering wat God in Christus altyd in ons bewerk volgens sy verbondsbelofte: “Ek sal vir julle ‘n nuwe hart gee, ‘n nuwe gees sal Ek in jul binneste gee; Ek sal die hart van klip uit julle liggame verwyder en vir julle ‘n nuwe hart van vlees gee. My Gees sal Ek in julle binneste gee. El sal sorg dat julle my vaste voorskrifte volg en dat julle my bepalings nakom en uitvoer.” (Esegiël 36; 26. 27) ‘n Hart geborge in die liefde van God wat my vir Hom heilig en regverdig en daarom ‘n hart wat ingesteld kan wees op die eise en wysheid van sy wet!

Christus laat ons weer die wysheid van die wet hoor en nastrewe

Deur ons in te sluit en te verenig met Jesus Christus as mens in die hemel, bevry God ons van die dwaasheid van slimmigheid en die kragdadigheid van morele bekerings en beginsels. Ons is gelowiges! Nie slim heidene met dwase gode of sterk Jode met ‘n kragtelose God nie!

Ons is bevry van die dwaasheid waarmee ons onsself in skuld inleef en die dwaasheid om skuldafskrywing by God te soek – om met ons dwaasheid voort te gaan. Ons is bevry van ons eie sondige liefdes en ons eie kragdadige liefdes. Ons hoor en stel ons in op die wysheid van die wet van God – die wysheid van regte liefde.